



HUMANITAS
RGN-HSRC

RGN-BIBLIOTEK
HSRC LIBRARY

VERVALDATUM / DATE DUE

99.22.79
27. 7. 79
9 NOV 1979
1980 07 20
1984 -05- 30
1987 -05- 18



182572198F

001.3672068 HSRC KOMM 12



* 0 5 1 8 0 7 *

0 0 0 0 1 5 1 0 0 7 6



2844363866



DGM

STANDKODEN
LIBRARY

HSRC

1977-9-10

STANDKODE 001.3072068 HSRC KOMM.12	REGISTERNOMMER 35659	 X
BESTELNOMMER G		

**SUID-AFRIKAANSE RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE
NAVORSING**

**DIE EERSTE TELEVISIEKYKERS:
'N VERGELYKENDE STUDIE**

**D.P. VAN VUUREN, M.A.
G.M. DE VILLIERS, M.A.**

INSTITUUT VIR KOMMUNIKASIENAVORSING

DIREKTEUR: DR. P.C.J. JORDAAN

**PRETORIA
1977**

Verslag nr. KOMM-12

**Kopiereg voorbehou
Prys R1,25**

ISBN 0 86965 377 6


VOORWOORD

Die instelling van TV in Suid-Afrika het seldsame navorsingsgeleenthede gebied: Suid-Afrika is die laaste Westers-geïndustrialiseerde land waarin navorsing op 'n televisienalewe gemeenskap gedoen kon word.

Die geleentheid om die eerste televisiekykers te bestudeer het hom in 1975 tydens die toetsuitsendings van SATV voorgedoen.

Hierdie ondersoek betree 'n terrein in die Kommunikasiekunde wat in die buiteland slegs deur enkele navorsers aangeraak is.

Uit die gegewens wat verkry is, is dit opmerklik dat die eerste televisiekykers as 'n groep kenmerkende eienskappe toon wat verdere studie regverdig.

Wvd.  PRESIDENT

I N H O U D

		Bladsy
	SUMMARY/OPSOMMING	iv/v
	ERKENNING	vi
1	INLEIDING	1
1.1	Algemene oorsig	1
1.2	Doel en metode met die ondersoek	3
1.3	Ondersoekgroep	5
1.4	Meetinstrumente	6
2	RESULTATE	8
2.1	Agtergrondgegevens van die televisie= kykersgroep en die nie-televisiekykers= groep	9
2.1.1	Sosio-ekonomiese status	9
2.1.2	Geslag	12
2.1.3	Gesinsgrootte	13
2.1.4	Kerklidmaatskap	14
2.1.5	Verstandsvermoë	15
2.2	Tydbenuttingspatrone	15
2.2.1	Tydbenuttingspatrone ten opsigte van die gebruik van massakommunikasiemedia	16
2.2.2	Tydbenuttingspatrone ten opsigte van sosiale aktiwiteite wat hoofsaaklik in groepsverband beoefen word	27
2.2.3	Aktiwiteite wat hoofsaaklik deur die kind as individu beoefen word	40
3	SAMEVATTING EN SLOT	46
4	SYNOPSIS AND CONCLUSION	50
	BIBLIOGRAFIE	54

TABELLE

NOMMER		Bladsy
1	BEROEP VAN VADER/STIEFVADER/VOOG	10
2	GESLAGSVERDELING	12
3	GESINSGROOTTE VOLGENS AANTAL SKOOLGAANDE KINDERS	13
4	KERKVERBAND	14
5	VERSTANDSVERMOË	15
6	FREKWENSIE VAN KOERANTLEES DIE VORIGE WEEK	17
7	AANTAL RESPONDENTE WAT DIE VORIGE SONDAG 'N SONDAGKOERANT GELEES HET	18
8	RADIOLUISTERTYD GEDURENDE SKOOLKWARTALE	19
9	RADIOLUISTER VOLGENS RADIODIENSTE	20
10	RADIOLUISTER SAAM MET ANDER GESINSLEDE	21
11	BYWONINGSFREKWENSIE VAN BIOSKOPE (INRY=TEATER UITGESLUIT)	22
12	ROLPRENTVOORKEURE	23
13	FREKWENSIE EN PERSENTASIEFREKWENSIE VAN DIE TOTALE GROEP TEN OPSIGTE VAN TELE=VISIEGEBRUIK	25
14	KINDERS WIE SE GESINNE BEOOG OM TELEVISIE AAN TE SKAF	26
15	GETAL KERE PER WEEK WAAROP STANDERD VYF=LEERLINGE GEDURENDE SKOOLKWARTALE TOEGE=LAAT WORD OM ALLEEN IN DIE AAND UIT TE GAAN VIR ONTSPANNING, VERMAAK EN KUIER	28
16	FREKWENSIE VAN BESOEKE DEUR VRIENDE	29
17	DIE BEREIDWILLIGHEID VAN AFRIKAANSSPREKEN=DES OM SOMS MET ENGELSSPREKENDES EN ENGELS=SPREKENDES OM MET AFRIKAANSSPREKENDES TE ASSOSIEER	30

NOMMER	<i>Bladsy</i>
18	SELFBEORDELINGSKAAL VAN AANTAL VRIENDE IN VERHOUDING TOT AANTAL VRIENDE VAN ANDER KINDERS 31
19	FREKWENSIE VAN VRIENDE TELEFONEER 31
20	FREKWENSIE VAN KERKBYWONING 33
21	DEELNAME AAN SPORTAKTIWITEITE 34
22	DIE BYWONING VAN SPORTAKTIWITEITE AS TOE= SKOUER 36
23	ANDER GESTRUKTUREERDE AKTIWITEITE 39
24	DIE FREKWENSIE VAN LEERLINGE WAT AANGEDUI HET DAT HULLE 'N PLEK HET OM ONGESTOORD HUISWERK (SKOOLWERK) TE KAN DOEN 41
25	TYD WAT GEDURENDE DIE WEEK PER DAG (MAAN= DAG TOT DONDERDAG) AAN HUISWERK (SKOOL= WERK) BESTEE WORD 42
26	HOE LAAT LEERLINGE GEWOONLIK IN DIE AAND GAAN SLAAP (MAANDAE TOT DONDERDAE GEDURENDE DIE SKOOLKWARTAAL) 44

SUMMARY

The aim of this investigation was to identify Transvaal urban Standard Five pupils who had, up to and including September 1975, been exposed to television test broadcasts, and to compare them with a group which had not been similarly exposed. The investigation was carried out in urban areas in the Transvaal where television was available.

It was found that the television viewer group generally made greater use of mass media such as the cinema and newspapers, that they were more active and more disposed towards social interaction. They received visitors more often, for example, went out more frequently in the evenings, and participated in certain types of sport to a greater extent than the non-television viewers.

These characteristics correspond with those of innovators, as described by Rogers and Shoemaker (1971).

Certain resultant implications are discussed.

OPSOMMING

Die doel met hierdie ondersoek was om Transvaalse stedelike standaard vyf-leerlinge, wat tot en met September 1975 blootgestel was aan televisie-toetsuitsendings te identifiseer en te vergelyk met 'n groep wat nie daaraan blootgestel was nie. Die ondersoek is uitgevoer in stedelike gebiede in Transvaal waar televisie beskikbaar was.

Daar is bevind dat die televisiekykersgroep oor die algemeen groter gebruikers van sekere massamedia soos die bioskoop en koerante was, meer aktief was, en meer geneig tot sosiale interaksie. Hulle het byvoorbeeld meer dikwels besoekers ontvang en meer het in die aand uitgegaan en aan sekere sportsoorte deelgeneem as die nie-televisiekykers.

Hierdie kenmerke toon ooreenkomste met dié van vernuwers of innoveerders soos deur Rogers & Shoemaker (1971) beskryf.

Enkele implikasies daarvan word bespreek.

ERKENNING

Die inligting wat in hierdie verslag vervat is, is verkry van die projek KOMM 11 wat daargestel is om te bepaal wat die invloed van televisie op die skoolgaande jeug is.

Hierdie data is verkry van skole in al vier provinsies en derhalwe word dank aan die volgende persone en instansies oorgedra:

Die Komitee van Onderwys hoofde wat aanvanklik toestemming gegee het dat die projek geloods mag word;

die hoofde van skole en hulle personeel wat as toetsafnemers opgetree het;

die skoolsielkundiges van die Skoolsielkundige en Spesiale Dienste van die verskillende onderwysdepartemente wat verantwoordelik was vir die opleiding van die toetsafnemers;

die afdeling Inligting en Spesiale Dienste vir die tegniese versorging van die verslag;

die leerlinge wat as respondente opgetree het;

die afdeling Dataverwerking vir die redigering en verwerking van die data;

die ad hoc-komitee vir hulle raad en advies in die opstel van die vraelyste.

Die volgende persone dien tans in die Komitee:

Dr. J.D. Venter (Voorsitter)	Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing
Prof. T.L. de Koning	Randse Afrikaanse Universiteit
Dr. I.Z. Engelbrecht	Departement van Nasionale Opvoeding
Prof. D. Joubert	Universiteit van Stellenbosch
Mnr. P.W. Mans	Natalse Onderwysdepartement
Prof. N.J. Mentz	Transvaalse Onderwysdepartement
Mnr. B. Olivier	Onderwysdepartement, Kaap die Goeie Hoop

Mnr. D.J.L. Pretorius	SAUK
Prof. C. Rip	Universiteit van Suid-Afrika
Mnr. F. Swanepoel	OVS-Onderwysdepartement
Mnr. G. Yssel	SAUK
Dr. D.P. Conradie	Instituut vir Kommunikasienavor= sing
Dr. P.C.J. Jordaan	Instituut vir Kommunikasienavor= sing
Mev. E.M. Madge	Instituut vir Psigometriese Navor= sing
Dr. W.L. Roos	Instituut vir Mannekragnavorsing
Mnr. A.R. van den Berg	Instituut vir Psigometriese Navor= sing
Dr. C.R. Liebenberg	Instituut vir Opvoedkundige Navorsing

1 INLEIDING

1.1 ALGEMENE OORSIG

Op 1 Mei 1975 is die eerste televisietoetsuitsending van die nuwe uitsaaisentrum van die SAUK in Aucklandpark oor die Witwatersrandkompleks en Pretoria uitgestraal. Dit het die televisie-~~era~~ in Suid-Afrika ingelui waarin van die mees moderne apparaat en van 'n deeglike opleidingsprogram gebruik gemaak word. Terselfdertyd het dit die bevolking van hierdie land blootgestel aan die kragtigste massakommunikasiemedium wat nog deur die mens gebruik is. Die uitwerking van hierdie medium op veral kinders, is reeds in die buiteland intensief nagevors (vgl. Himmelweit, Oppenheim en Vince, 1958; Maletzke, 1959; Schramm, Lyle en Parker, 1961; Furu, 1962; Lyle, 1971; en Lyle en Hoffman 1971). Tog is daar sekere aspekte in hierdie navorsingsgebied wat tot nog toe nie voldoende aandag gekry het nie. So is daar byvoorbeeld baie min gegewens in die literatuur beskikbaar oor die eerste gebruikers van televisie.

Die vraag ontstaan of die eerste gebruikers van televisie as 'n groep sekere kenmerke sal toon wat hul onderskei van die nie-kykers. Uit die literatuur is dit duidelik dat die eerste televisiegebruikers nog nie intensief bestudeer is nie. Behalwe vir die werk van Himmelweit *et al.*, (1958), is daar baie min beskrywings in die beskikbare literatuur oor hierdie groep gevind. Dit is waarskynlik daaraan te wyte dat die navorsers eerder geïnteresseerd was om deur middel van effekstudies die invloed van televisie, veral op kinders, te probeer bepaal.

'n Faktor wat deur enkele skrywers pertinent uitgesonder is as kenmerkend van die eerste televisiebesitters is dat hulle oorwegend in hoër sosio-ekonomiese strata van die bevolking aangetref word (vgl. Himmelweit *et al.*, (1958) vir gegewens uit Brittanje, en Torsvik (1971) en Werner (1971) vir resultate uit Noorweë). Hierdie tendens is egter nie algemeen nie, want in Duitsland het Maletzke (1969) bevind dat die grootste proporsie vroeë televisiebesitters in die sogenaamde middelklas val.

'n Vollediger beskrywing van die kenmerke wat die kinders van vroeë televisie-eienaars karakteriseer, is deur Himmelweit *et al.*, (1958) gegee.

- i. Hulle toon 'n groter voorkeur vir "pasklaar"-vermaak, hulle smaak vir programme is minder ontwikkel en minder volwasse as die kinders van die nie-televisiebesitters.
- ii. Hulle neig om laer en meer beperkte toekomsaspirasies te hê as die nie-televisiebesitters.
- iii. Toesig tuis is meer ontspanne as by die nie-televisiebesitters.
- iv. Hulle neig om geselliger en meer ekstrovertief te wees as die nie-televisiebesitters.

Rogers (1960) beskryf "innovators" (vernuwers) as die eerste persone wat nuwe idees aanvaar. Hoewel hierdie groep mense in die geraadpleegde literatuur hoofsaaklik as vernuwers op landboukundige gebied in die VSA geïdentifiseer is, het Loy (1969) dieselfde kenmerke by 'n groep sportafrigters gevind. Die vraag ontstaan nou of die kinders wat eerste televisie kyk ook dieselfde eienskappe

openbaar as vernuwers of innoveerders. Die eerste televisiebesitters soos beskryf deur Himmelweit *et al.*, (1958) toon enkele kenmerke wat ooreenstem met die eienskappe wat Rogers en Shoemaker ten opsigte van vernuwers geïdentifiseer het. Rogers en Shoemaker (1971) som die resultate van navorsingsbevindings oor vernuwers op en diegene wat eerste kennis dra van 'n vernuwing word soos volg gekenmerk:

In vergelyking met mense wat laat kennis neem van vernuwings, het diegene wat vroeg daarvan kennis dra -

- i. 'n hoër onderwyspeil bereik;
- ii. hoër sosiale status;
- iii. groter blootstelling aan massakommunikasiekanale;
- iv. groter blootstelling aan interpersoonlike kommunikasie;
- v. meer kontak met sogenaamde "change agents";
- vi. groter sosiale deelname, en
- vii. hulle is meer kosmopolities as diegene wat later kennis dra van vernuwings.

Die moontlikheid bestaan dus dat die eerste televisiekykers kenmerke mag besit wat hulle kan identifiseer as vernuwers.

1.2 DOEL EN METODE MET DIE ONDERSOEK

Die doel met hierdie ondersoek is om leerlinge wat in 1975 gereeld televisie (toetsuitsendings) gekyk het te vergelyk met leerlinge wat nie televisie (toetsuitsendings) gekyk het nie ten opsigte van biografiese en tydbenuttingsveranderlikes. Verder sal die moontlikheid dat die eerste

televisiekykers kenmerke mag besit wat hulle kan identifiseer as vernuwers soos deur Rogers en Shoemaker (1971) omskryf, ondersoek word. Uiteraard sou sodanige vergelyking slegs kon plaasvind in gebiede waar die toetsuitsendings ontvang kon word.

Die toetsuitsendings het in die middag van 13h00 tot 14h00 plaasgevind en saans van 19h30 tot 20h30. Sondag was daar geen uitsendings nie. Die middag se uitsending was 'n herhaling van die vorige aand se programme. Indien die skoolure en die naskoolse aktiwiteite in ag geneem word, is dit baie onwaarskynlik dat kinders gereeld na die middaguitsendings kon kyk, uitgesonderd Saterdagmiddae. Daarom kon verwag word dat die televisietoetsuitsendings nie 'n noemenswaardige invloed sou uitoefen op die kinders se tweetaligheid, hulle studiegewoontes en houdings, belangstellings, ensovoorts nie. Sodanige invloed sou heelwaarskynlik baie gering wees en gevolglik sal dit baie moeilik wees om dit empiries vas te stel.

Dit is egter vir die navorser van belang om te probeer bepaal watter kinders eerste blootgestel was aan televisie. Kom hulle slegs uit die hoër sosio-ekonomiese lae van die bevolking? Wat is die geslagsverdeling tussen die twee groepe? Is daar verskille in die benutting van tyd? Is die televisiekykers vernuwers? In hierdie ondersoek sal daar dus nie gepoog word om die invloed van televisie te bepaal nie, maar slegs om die verwantskap tussen die kyk en nie-kyk van televisie (toetsuitsendings) en biografiese en tydbenuttingsveranderlikes te ondersoek.

In hierdie studie word van die standpunt uitgegaan dat heelwat van die biografiese en tydbenuttingveranderlikes

'n verwantskap (assosiasie) sal toon met die kyk of nie-kyk van televisie (toetsuitsendings). Aangesien dit moeilik is om vooraf eksplisiete hipoteses te formuleer oor watter veranderlikes 'n verwantskap sal toon en wat die aard van die verwantskap sal wees, word daar dus nie gepoog om sulke hipoteses te formuleer nie en moet hierdie studie as 'n eksploratiewe ondersoek gesien word.

Die chi-kwadraat-statistiese toets sal dwarsdeur hierdie studie gebruik word om die statistiese betekenisvolheid van die verwantskap tussen die betrokke veranderlikes en die kyk of nie-kyk van televisie te ondersoek. 'n Verskil tussen die kykgroep en die nie-kykgroep ten opsigte van 'n veranderlike wat ondersoek word wat betekenisvol is op die 5%-peil sal as 'n werklike verskil aanvaar word. Dan sal aanvaar word dat daar 'n verwantskap is tussen die betrokke veranderlike en die kyk of nie-kyk van televisie.

1.3 ONDERSOEGGROEP

'n Verteenwoordigende steekproef van standaard vyf-leerlinge in provinsiale skole in die RSA is in 1975 getrek (N=1 393); Leerlinge in Transvaal het 52 persent van die totale steekproef uitgemaak. Vir hierdie ondersoek is slegs leerlinge wat in Transvaal in televisiegebiede woonagtig is, betrek. Hierdie groep is verder geredigeer deur slegs leerlinge in stedelike gebiede in Transvaal te gebruik (N=466), sodat slegs stedelike respondente met mekaar vergelyk kon word.

Hierna is die groep verdeel in diegene wat blootgestel

was aan televisie (N=249) en diegene wat nie daar=
aan blootgestel was nie (N=217). Beide groepe het dus in
televisiebestralingsgebiede gewoon. Die twee ondersoek=
groepe is saamgestel deur vraag 56 van die Tydbenuttings=
vraelys as verdeler te gebruik: "Indien julle nie tuis
oor 'n televisiestel beskik nie, hoeveel uur per dag kyk
jy elders (ander lande uitgesluit) na televisie? Kyk
slegs tuis na televisie/Minder as een uur/Een uur en meer/
Het geen toegang tot enige televisie nie."

Die respondente wat die laaste moontlikheid beantwoord het,
het die nie-televisiekykersgroep gevorm, terwyl die
respondente wat enige van die ander kategorieë beantwoord
het die televisiekykersgroep gevorm het.

Die keuse het op standerd vyf-leerlinge geval omdat hulle
ouderdomsgroep (+ 11 - 13 jaar) die televisiekykers ver=
teenwoordig wat die grootste gebruikers van dié massa=
medium is (vgl. Himmelweit *et al.*, 1958; Schramm *et al.*,
1961; Schramm, 1964).

1.4 MEETINSTRUMENTE

Meetinstrumente wat in hierdie ondersoek gebruik is, is
die Biografiese Vraelys en Tydbenuttingsvraelys wat
spesiaal vir die projek *Die invloed van televisie op die
skoolgaande jeug* opgestel is

1.4.1 *Biografiese vraelys*

Die biografiese vraelys is opgestel met die doel om
soveel moontlik biografiese en ander agtergrondgegevens
van elke leerling in te win. Hierdie gegewens sluit onder
andere identifiserende besonderhede, inligting oor woon=
=

plek, godsdienstige besonderhede, sosiale besonderhede en skolastiese besonderhede in.

1.4.2 *Tydbenuttingsvraelys*

Die Tydbenuttingsvraelys bestaan uit 58 vrae en win inligting in oor verskeie aspekte van tydbenutting van 'n leerling. Daar is ook vrae oor voorkeure vir massamedia en die gebruik daarvan.

RESULTATE

Die resultate van hierdie ondersoek word in twee breë kategorieë bespreek, naamlik die biografiese veranderlikes en die tydbenuttingsveranderlikes. Soos hierbo vermeld kan daar nie in hierdie verslag gepraat word van die "invloed van televisie" nie, omdat die navorsingsontwerp hom nie daartoe leen nie. Daar is egter gepoog om verwantskappe aan te toon tussen televisiekyk en die betrokke veranderlikes. Dit beteken dat die groep kinders wat blootgestel was aan televisie moontlik sekere kenmerke toon wat hulle onderskei van die groep kinders wat nie blootgestel was aan televisie nie.

Volgens die chi-kwadraattoets toon televisiekyk 'n assosiasie met die volgende biografiese veranderlikes: sosio-ekonomiese status, geslag, gesinsgrootte en kerklidmaatskap. Die tydbenuttingsveranderlikes wat 'n assosiasie toon met televisiekyk, is die gebruik van massakommunikasiemedie (byvoorbeeld koerantlees en radio-luister), sosiale aktiwiteite (onder andere besoeke aan vriende en beleving van vriendskappe), en aktiwiteite wat hoofsaaklik deur die kind as individu beoefen word (byvoorbeeld tyd aan huiswerk bestee en hoe laat die kind gaan slaap). Die gegewens wat hierdie assosiasies aantoon word in die volgende tabelle weergegee, terwyl in gevalle waar televisiekyk nie 'n assosiasie toon met die betrokke veranderlike nie, dit slegs genoem word.

Die totale getal (N) (kykers, en/of nie-kykers) mag van tabel tot tabel verskil, weens die feit dat sommige leerlinge nie 'n vraag beantwoord het nie. Die persentasie in elke tabel is bereken op grond van die aantal leerlinge

van wie gegewens beskikbaar is, dit wil sê ten opsigte van die totale getal (N) wat in die betrokke tabel verskyn.

2.1 AGTERGRONDGEWENS VAN DIE TELEVISIEKYKERSGROEP EN DIE NIE-TELEVISIEKYKERSGROEP

2.1.1 *Sosio-ekonomiese status*

Soos hierbo vermeld, het die rol wat sosio-ekonomiese status speel by die eerste aankoop van 'n televisiestel in die buiteland nie baie duidelik uitgekristalliseer nie. Uit hierdie ondersoek wil dit egter voorkom asof die ouers van die respondente wat eerste televisiestelle aangekoop het, meer uit die hoër sosio-ekonomiese lae van die bevolking kom. Die kykergroep wat in tabel 1 vermeld word, sluit egter ook "kuierykykers" in. Dit beteken dat daar waarskynlik 'n wisselwerking tussen die besitters van televisiestelle, hul vriende en sosio-ekonomiese status mag wees.

TABEL 1

BEROEP VAN VADER/STIEFVADER/VOOG

Beroepsgroepe	TV-kykers		Nie-TV-kykers	
	N	%	N	%
1 Professionele, tegniese en ver= wante werker	50	20,09	32	14,75
2 Administratiewe, uitvoerende en besturende werker	33	13,26	16	7,37
3 Klerklike werker	21	8,43	24	11,06
4 Verkoopswerker	19	7,63	9	4,15
5 Myn-, steengroefwerker	8	3,21	4	1,84
6 Vervoer- en kommunikasiebeampte	9	3,61	14	6,45
7 Vakman, produksieproseswerker en arbeider	92	36,95	94	43,32
8 Diens-, sport- en ontspannings= werker	14	5,62	14	6,45
9 Onbekend	3	1,20	10	4,61
TOTAAL	249	100,00	217	100,00

χ^2 -waarde = 17,70; gv = 8; $p < 0,05$

*Kategorieë 1 - 2 en 3 - 9: χ^2 -waarde = 7,95; gv = 1; $p < 0,01$

*By sommige tabelle is 'n addisionele chi-kwadraat bereken deur die tabel saam te voeg tot 'n 2 x 2 tabel.

Soos uit tabel 1 blyk, is daar 'n assosiasie tussen televisiekyk en die beroep van die respondente se vader. As Strydom (1971) se indeling vir sosio-ekonomiese status gebruik word, blyk dat 33,35 persent van die televisiekykers in die hoë sosio-ekonomiese laag val (met ander woorde professionele, tegniese en verwante werkers, administratiewe, uitvoerende en besturende werkers) terwyl 22,12 persent van die nie-kykers in hierdie sosio-ekonomiese laag voorkom. Hierdie persone verteenwoordig oor die algemeen dié met die hoogste inkomste en sou dus diegene wees wat die potensiaal het om sonder te veel finansiële ongerief 'n stel te kan aanskaf.

Daar moet in gedagte gehou word dat slegs 23,29 persent van die televisiekykergroep televisiebesitters is (vgl. tabel 13). Die 76,71 persent respondente wat gemeld het dat hulle elders kyk kom waarskynlik uit dieselfde onmiddellike omgewing as die besitters.

2.1.2 Geslag

Vervolgens word die verwantskap tussen televisiekyk' en geslag bespreek.

TABEL 2
GESLAGSVERDELING

	TV-kykers		Nie-TV-kykers	
	N	%	N	%
Seun	139	55,82	98	45,16
Meisie	110	44,18	119	54,84
TOTAAL	249	100,00	217	100,00

$$\chi^2\text{-waarde} = 4,85; \text{gv} = 1; p < 0,05$$

Uit bostaande tabel kan gesien word dat seuns en meisies 'n verskil op die 5 persent-betekenispeil met betrekking tot televisiekyk getoon het. Daar is na verhouding meer seuns in die kykergroep as in die nie-kykergroep. Hoewel hierdie verskil nie baie groot is nie, sal dit tog ander verdelers moontlik kan beïnvloed. Een van die moontlike verklarings van hierdie verskynsel mag wees dat seuns meer gereidelik toegelaat word om in die aande by vriende televisie te gaan kyk. Hierdie vermoede word verstrekk deur tabel 15 waar dit blyk dat televisiekykers in groter mate toegelaat is om in die aande uit te gaan as nie-televisiekykers. Dieselfde tendens word deur Werner (1971) gerapporteer: Seuns in die ouderdomsgroep 11 - 12 jaar neig meer om televisie te kyk as meisies in dieselfde ouderdomsgroep.

2.1.3' Gesinsgrootte

Ten einde te bepaal of die grootte van die gesin 'n rol speel by televisiekyk is die televisiekykers en nie-kykers vergelyk volgens die aantal skoolgaande kinders in die gesin.

TABEL 3

GESINSGROOTTE VOLGENS AANTAL SKOOLGAANDE KINDERS

	Aantal kinders	TV-kykers		Nie-TV-kykers	
		N	%	N	%
1	1 - 2	135	54,66	87	41,03
2	3 - 4	95	38,46	101	47,65
3	5+	17	6,88	24	11,32
TOTAAL		247	100,00	212	100,00

χ^2 -waarde = 9,142; gv = 2; p < 0,05

Kategorieë 1 en 2 - 3: χ^2 -waarde = 8,66; gv = 1; p < 0,01
 Uit tabel 3 blyk dat daar meer gesinne met slegs 1 of 2 skoolgaande kinders in die televisiekykersgroep was as in die groep van nie-kykers. By vergelyking kan gesien word dat die verskille tussen die twee groepe egter nie baie groot is nie. Hierdie verskille mag moontlik saamhang met die verskille in sosio-ekonomiese status.

2.1.4 Kerklidmaatskap

Dit wil voorkom of die frekwensieverdeling volgens kerk= verband tussen kykers en nie-kykers min of meer 'n eenderse patroon volg. By inspeksie van die persentasies kan daar onder meer verskille tussen die twee groepe opgemerk word by die volgende kategorieë: die Nederduitsch Hervormde Kerk, die Apostoliese Geloofsending, Rooms-Katolieke Kerk, Metodiste, Lutherse en ander christelike kerke.

TABEL 4

KERKVERBAND

Kerk	TV-kykers		Nie-TV-kykers	
	N	%	N	%
Nederduits Gereformeerde	72	29,03	64	29,49
Nederduitsch Hervormde	17	6,85	26	11,98
Gereformeerde	7	2,82	7	3,23
Anglikaanse	18	7,26	12	5,53
Metodiste	30	12,10	18	8,29
Presbiteriaanse	11	4,44	7	3,23
Rooms-Katolieke	24	9,68	8	3,69
Apostoliese Geloofsending	23	9,27	13	5,99
Lutherse en ander christelike	30	12,10	42	19,35
Joodse, Nie-christelike, geen en onseker	16	6,45	20	9,22
TOTAAL	248	100,00	217	100,00

$$\chi^2\text{-waarde} = 18,953; \text{gv} = 9; p < 0,05$$

TABEL 5

VERSTANDSVermoë

	N	Gemiddelde IK	Skeef= heid	Kurtose	Stan= daard= afwyking
Televisiekykers	207	104,02	0,143	2,454	12,13
Nie-televisiekykers	197	104,08	0,378	2,372	13,17

2.1.5 *Verstandsvermoë*

Die chi-kwadraat (wat volgens frekwensieverspreidings=tabel uitgewerk is) het geen assosiasie tussen IK en televisiekyk aangetoon nie. Weens die feit dat etlike respondente nog nie IK-toetse afgelê het nie is die aantal N's relatief laag in hierdie tabel. Die resultate moet dus versigtig geïnterpreteer word.

Ten opsigte van ander biografiese veranderlikes soos woonplek en soort woning is daar geen assosiasie met televisiekyk gevind nie. Verder is dit ook interessant dat daar soos by die verstandsvermoë (IK), ook nie 'n assosiasie tussen televisiekyk, taal en skoolprestasie voorkom nie.

2.2 TYDBENUTTINGSPATRONE

Die groep wat televisie gekyk het en die groep wat nie televisie gekyk het nie tydens die toetsuitsendings van die SAUK, word vervolgens na gelang van tydbenutting bespreek. Daar word drie aspekte onderskei naamlik:

Tydbenuttingspatrone ten opsigte van die gebruik van die massakommunikasiemedie.

Tydbenuttingspatrone ten opsigte van sosiale aktiwiteite, wat hoofsaaklik in groepsverband beoefen word, en

Tydbenuttingspatrone ten opsigte van aktiwiteite wat hoofsaaklik deur die kind as individu beoefen word. Dit sou moontlik wees om ook ander groeperings te maak, maar ter wille van oorsigtelikheid is op hierdie indeling besluit.

2.2.1 *Tydbenuttingspatrone ten opsigte van die gebruik van massakommunikasiemedia*

Vir die doel van hierdie verslag word die volgende aktiwiteite bespreek: Lees, radioluister, bioskoopbesoek en ter wille van volledigheid word hier ook na televisiekyk verwys (kyk ook paragraaf 1.3).

(a) *Leesgewoontes*

Weinig verwantskap is tussen televisiekyk en leesgewoontes gevind.

So is daar nie betekenisvolle assosiasie gevind tussen televisiekyk en die mate waarin daar van verskillende soorte leesstof gebruik gemaak is nie, asook die aantal boeke of tydskrifte wat die week voor die afneem van die Tydbenuttingsvraelys deurgelees is nie. Televisiekyk het ook nie betekenisvolle assosiasie met die lees van strokies- en fotoverhale, lidmaatskap van 'n biblioteek en die mate waarin volwassenes tuislees, getoon nie.

Die enigste uitsondering met bogenoemde tendens word gevind by koerantlees. Tabelle 6 en 7 gee 'n uiteensetting daarvan.

TABEL 6
FREKWENSIE VAN KOERANTLEES DIE VORIGE WEEK

Aantal dae koerant gelees	TV-kykers		Nie-TV-kykers	
	N	%	N	%
1 Geen	15	6,02	35	16,13
2 Een	39	15,66	45	20,74
3 Twee	38	15,26	39	17,97
4 Drie	31	12,45	25	11,52
5 Vier	25	10,04	16	7,37
6 Vyf	33	13,25	22	10,14
7 Ses	26	10,44	14	6,45
8 Sewe	42	16,88	21	9,68
TOTAAL	249	100,00	217	100,00

χ^2 -waarde = 21,76; gv = 7; $p < .0,01$

Kategorieë 1 - 3 en 4 - 8: χ^2 -waarde = 15,4257; gv = 1; $p < 0,001$

Uit tabel 6 blyk dat daar 'n verwantskap bestaan tussen televisiekyk en die frekwensie van koerantlees.

Inspeksie van die resultate dui daarop dat die televisie= groep meer koerant lees as die nie-televisiegroep.

Wat die lees van Sondagkoerante betref, word dieselfde neiging opgemerk. Dit word uiteengesit in tabel 7.

TABEL 7

AANTAL RESPONDENTE WAT DIE VORIGE SONDAG 'N SONDAG=
KOERANT GELEES HET

	TV-kykers		Nie-TV-kykers	
	N	%	N	%
Koerant gelees	198	79,52	143	65,90
Nie koerant gelees nie	51	20,48	74	34,10
TOTAAL	249	100,00	217	100,00

χ^2 -waarde = 10,27; gv = 1; p < 0,01

Die neiging van die televisiegroep om meer koerante te lees as die nie-televisiegroep kan nie verklaar word na gelang van die feit dat kinders van laer sosio-ekonomiese vlakke meer geneig is om prentmedia te lees as die gedrukte woord nie (vgl. Schramm *et al.* 1961; Greenberg en Dominick, 1968). Die moontlike redes waarom daar slegs 'n assosiasie tussen televisiekyk en koerantlees bestaan sal elders gesoek moet word. Dit mag byvoorbeeld wees dat meer kykers as nie-kykers reeds voor die instelling van televisie Sondagkoerante gelees het.

(b) *Radioluister*

Slegs by sekere aspekte van radioluister, naamlik die aantal ure wat per dag geluister word, radio-diensvoorkeure en saam met wie daar radio geluister word, is 'n assosiasie met televisiekyk gevind. Hierdie verwantskappe word in tabelle 8, 9 en 10 uiteengesit.

TABEL 8

RADIOLUISTERTYD GEDURENDE SKOOLKWARTALE

	Luistertyd per dag (Maandag tot Donderdag)	TV-kykers		Nie-TV-kykers	
		N	%	N	%
1	Luister nie na die radio nie	4	1,60	4	1,84
2	Minder as 1 uur	22	8,84	43	19,82
3	Een uur en meer, maar minder as 2 uur	47	18,88	35	16,13
4	Twee uur en meer, maar minder as 3 uur	50	20,08	34	15,67
5	Drie uur en meer, maar minder as 4 uur	41	16,47	28	12,90
6	Vier uur en meer, maar minder as 5 uur	33	13,25	23	10,60
7	Vyf uur of meer	52	20,88	50	23,04
	TOTAAL	249	100,00	217	100,00

χ^2 -waarde = 13,73; gv = 6; $p < 0,05$

Kategorieë 1 - 2 en 3 - 7: χ^2 -waarde = 11,858; gv = 1; $p < 0,001$

By inspeksie van tabel 8 is dit duidelik dat die televisiekykers oor die algemeen meer radioluister as die nie-kykersgroep. Soortgelyke resultate word deur Bogart (1972) gerapporteer. Dit kan moontlik die gevolg wees van die samestelling van die twee groepe, of omdat die kinders so 'n kort tyd per dag aan televisie blootgestel was (1 uur). Dit mag ook die gevolg daarvan wees dat die televisiekykers voorkeur gee aan "pasklaar"-vermaak (Jordaan, 1974, Himmelweit, *et al.* 1958).

TABEL 9
RADIOLUISTERFREKWENSIE VOLGENS RADIODIENSTE

Televisiekykers																		
	Afrikaans		Engels		Springbok		Radio Port Natal		Radio Hoëveld		Radio Goeie Hoop		LM		Radio Swazi		Ander wat nie hierbo genoem is nie	
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
Luister baie	97	40,59	79	32,38	196	80,33	8	3,35	155	63,01	3	1,24	74	29,96	24	9,72	25	10,73
Luister af en toe	85	35,56	108	44,26	42	17,21	17	7,11	77	31,30	20	8,30	86	34,62	49	19,84	23	9,67
Luister nooit*	57	23,85	52	21,31	4	1,64	189	79,08	14	5,69	190	78,84	78	31,58	181	65,18	150	64,38
Weet nie*	0	0,00	5	2,05	2	0,82	25	10,46	0	0,00	28	11,62	9	3,64	13	5,26	35	15,02
TOTAAL	239	100,00	244	100,00	244	100,00	239	100,00	246	100,00	241	100,00	247	100,00	247	100,00	233	100,00
Nie-televisiekykers																		
Luister baie	105	49,07	49	22,79	165	76,39	4	1,89	129	59,72	1	0,47	64	29,63	14	6,54	7	3,41
Luister af en toe	52	24,30	110	51,16	33	15,28	19	8,96	64	29,63	17	8,06	65	30,09	33	15,42	20	9,76
Luister nooit*	51	23,83	56	26,05	16	7,41	166	78,30	21	9,72	171	81,04	76	35,19	151	70,56	133	64,88
Weet nie*	6	2,80	0	0,00	2	0,92	23	10,85	2	0,93	22	10,43	11	5,09	16	7,48	45	21,95
TOTAAL	214	100,00	215	100,00	216	100,00	212	100,00	216	100,00	211	100,00	216	100,00	214	100,00	205	100,00

*Vir Chi-kwadraatberekennings is die "luister nooit" en "weet nie" kategorieë saamgegroeper. Daar word aanvaar dat respondente wat "weet nie" gemerk het, so min na die betrokke diens luister dat dit saam met "luister nooit" geklassifiseer kan word.

Afrikaans : X^2 -waarde = 6,709 ; gv = 2 ; p < 0,05

Springbok : X^2 -waarde = 8,067 ; gv = 2 ; p < 0,05

Ander wat nie hierbo genoem is nie : X^2 -waarde = 8,617 ; gv = 2 ; p < 0,05

Volgens tabel 9 is daar 'n assosiasie tussen televisie=kyk en die voorkeure vir die volgende radiodienste: Afrikaans, Springbok, en ander wat nie genoem is nie. By verdere ondersoek van die tabel kan die volgende bygevoeg word: Behalwe vir die Afrikaanse sender het meer televisiekykers oor die algemeen aangedui dat hulle baie meer radio luister as die nie-televisiekykers. Ten opsigte van diegene wat nie baie entoesiasties oor radioluister is nie, dit wil sê wat "luister af en toe", "luister nooit", en "ek weet nie" geantwoord het, is die prentjie meer onduidelik. Soos uit die vorige tabel blyk is dit dus die televisiegroep wat meer radio luister, maar die voorkeur vir 'n stasie of diens nie deurgaans 'n rol speel nie.

TABEL 10

RADIOLUISTER SAAM MET ANDER GESINSLEDE

	Die meeste van die tyd 1		Af en toe 2		Nooit 3		Totaal	
	N	%	N	%	N	%	N	%
Televisie=kykers	124	50,0	115	46,37	9	3,63	248	100,0
Nie-televisie=kykers	89	41,20	106	49,08	21	9,72	216	100,0

Kategorieë 1-2 en 3 : χ^2 -waarde = 7,015; gv = 1; p < 0,01

χ^2 -waarde = 7,7523; gv = 2; p < 0,05

By inspeksie van bostaande tabel is daar 'n assosiasie tussen televisiekyk en die wyse waarop die respondente hulle radio's gebruik het, op te merk. Dit blyk dat meer televisiekykers aangedui het dat hulle saam met ander gesinslede radio ge=luister het as nie-televisiekykers. Dit mag dui op 'n sterker gesinskohesie.

Wat die ander aspekte van radioluister betref is dit interessant om daarop te let dat televisiekyk geen assosiasie met die aantal radiostelle in die huis, die tye wanneer gewoonlik ná die radio geluister word, programvoorkeure, aktiwiteite wat met radioluister gepaard gaan, en die plek waar daar na radio geluister word, toon nie.

(c) *Bioskoopbesoek*

Wat die rolprent betref, is daar 'n assosiasie tussen televisiekyk en bywoningsfrekwensie van bioskope en rolprentvoorkeure (tabel 11).

TABEL 11
BYWONINGSFREKWENSIE VAN BIOSKOPE (INRYTEATER UITGESLUIT)

	Televisiekykers		Nie-televisiekykers	
	N	%	N	%
1 Nqoit	21	8,43	32	14,75
2 Minder as 1 keer per week	87	34,94	99	45,62
3 Een keer per week	99	39,76	58	26,73
4 Twee tot 3 keer per week	36	14,46	26	11,98
5 Meer as drie keer per week	6	2,41	2	0,92
TOTAAL	249	100,00	217	100,0

χ^2 -waarde = 15,2516; $gv = 4$; $p < 0,01$

Kategorieë 1 - 2 en 3 - 5: χ^2 -waarde = 13,828; $gv = 1$; $p < 0,001$

Verdere inspeksie van tabel 11 dui op die volgende: Die kykergroep besoek die bioskoop meer dikwels as die nie-kykergroep: Ses-en-vyftig komma ses drie persent van die

die kykergroep 'n algemene neiging tot groter sosiale interaksie toon (vgl. tabelle 2, 15, 16, 17, 18). Hier= die verskynsel kan gedeeltelik toegeskryf word aan die feit dat 'n groot persentasie van die kykers televisie= stelle in die huis gehad en moontlik as gevolg daarvan meer vriende ontvang het.

TABEL 17

DIE BEREIDWILLIGHEID VAN AFRIKAANSSPREKENDES OM SOMS MET ENGELSSPREKENDES EN ENGELSSPREKENDES OM MET AFRIKAANSSPREKENDES TE ASSOSIEER

	Televisiekykers		Nie-televisiekykers	
	N	%	N	%
Assosieer met ander taal= groep	194	77,91	149	68,66
Assosieer nie met ander taalgroep nie	55	22,09	68	31,34
TOTAAL	249	100,00	217	100,00

χ^2 -waarde = 4,64; gv = 1; p < 0,05

Meer Afrikaans- en Engelssprekende televisiekykers as nie-kykers het aangedui dat hulle onderskeidelik met Engelssprekendes en Afrikaanssprekendes assosieer. Dit toon 'n ooreenkoms met Rogers en Shoemaker (1971) se sewende kenmerk van vernuwers, naamlik dat hulle meer kosmopolities is (vgl. p.3).

Ten einde te bepaal hoe die respondente hul vriendskappe beleef is die volgende vraag aan hulle gestel: "Het jy soveel vriende as die ander kinders wat jy ken of het jy meer of minder?" Tabel 18 gee 'n uiteensetting van die resultate.

voor of die verskil moontlik aan dié veranderlike te wyte kan wees. 'n Verdere moontlikheid is dat die nie-televisiekykers se ouers strenger dissipline hieroor handhaaf. (Vgl. Himmelweit *et al.*, 1958 se bevinding oor toesig tuis.)

'n Ander moontlike rede is te vinde in die feit dat 76,7 persent van die leerlinge (volgens tabel 13) wat gereeld na televisie gekyk het elders, dit wil sê nie tuis nie, na televisie gekyk het. Hulle ouers moes hulle dus toegelaat het om uit te gaan. (Slegs 'n klein groepie van hulle kon moontlik smiddae televisie gekyk het.)

TABEL 16

FREKWENSIE VAN BESOEKE DEUR VRIENDE

	Televisiekykers		Nie-televisiekykers	
	N	%	N	%
1 Baie	115	46,37	84	38,71
2 Af en toe	127	51,21	119	54,84
3 Nooit	6	2,42	14	6,45
TOTAAL	248	100,00	217	100,00

χ^2 -waarde = 6,250; $\bar{g}v = 2$; $p < 0,05$

Kategorieë 1-2 en 3: χ^2 -waarde = 4,460 ; $gv = 1$; $p < 0,05$

Uit tabel 16 wil dit voorkom of die televisiekykers meer dikwels besoekers ontvang as die nie-kykers. Die χ^2 -waarde van 6,25 dui daarop dat daar 'n assosiasie op die 5-persentbetekenispeil is tussen televisiekyk en besoeke deur vriende. Daar kan ook hier genoem word dat

(a) *Ongestruktureerde bedrywighede*

TABEL 15

GETAL KERE PER WEEK WAAROP STANDERD VYF-LEERLINGE GEDURENDE
SKOOLKWARTALE TOEGELAAT WORD OM ALLEEN IN DIE AAND UIT
TE GAAN VIR ONTSPANNING, VERMAAK EN KUIER

		Televisiekykers		Nie-televisiekykers	
		N	%	N	%
Glad nie	1	88	35,34	115	53,00
Een keer per week	2	73	29,32	56	25,81
Twee keer per week	3	37	14,86	14	6,45
Drie keer per week	4	16	6,43	10	4,61
Vier keer per week	5	10	4,01	3	1,38
Vyf keer per week	6	0	0,00	1	0,46
So dikwels as wat ek wil	7	25	10,04	18	8,29
TOTAAL		249	100,00	217	100,00

Chi-kwadraat is bereken deur kategorieë 5-6 saam te voeg

χ^2 -waarde = 19,848 ; gv 5 ; $p < 0,01$

Kategorieë 1 en 2-7 : χ^2 -waarde = 14,028 ; gv 1 ; $p < 0,001$

Uit die tabel is dit duidelik dat die televisiekykers oor die algemeen meer toegelaat word om in die aand uit te gaan as die nie-televisiekykers. Meer as die helfte van die nie-kykers (53,0%) word glad nie toegelaat om in die aand uit te gaan nie, terwyl heelwat minder, naamlik 35,34 persent van die kykers verbied word om in die aand uit te gaan.

As hierdie verskynsel met vraag 2 (wat oor die geslag=samestelling handel) in verband gebring word, kom dit

Die mees ooglopende verklaring vir hierdie verskynsel is dat die kykers (in teenstelling met die nie-televisiekykers) deur die programinhoud 'n beeld kon kry van wat aangebied sou word by voltooiing van die toetsuitsendings.

2.2.2 *Tydbenuttingspatrone ten opsigte van sosiale aktiwiteite wat hoofsaaklik in groepsverband beoefen word*

Die sosiale bedrywighede van die twee groepe word vervolgens vergelyk. Hierdie aktiwiteite word gerieflikheidsalwe verdeel in gestruktureerde en ongestruktureerde bedrywighede. Onder gestruktureerde aktiwiteite word die volgende bedrywighede vir doeleindes van hierdie verslag ingedeel: Kerkbywoning, deelname aan sportaktiwiteite, die bywoning van sportaktiwiteite as toeskouer, (ter wille van volledigheid), die bywoning van konserte en musiekuitvoerings (ter wille van volledigheid) en die deelname aan debatte. Die ongestruktureerde bedrywighede behels die volgende: Vryheid om in die aand alleen uit te gaan, besoeke van vriende, bereidwilligheid om met andertaliges te assosieer (ter wille van volledigheid), belewing van vriendskappe (ter wille van volledigheid), telefonering van vriende en inkopies doen.

die respondente het wel televisiestelle tuis gehad. Daar blyk dus dat dit algemene gebruik was om gedurende die toetsuitsendings by vriende, familieledede of bure televisie te kyk. Van die televisiekykers was 23,29 persent besitters en 76,71 persent "kuierrykers".

Hoewel televisiekyk saamgehang het met die beskikbaarheid van televisiestelle, in dié sin dat stelle veral in die begin nog nie so vryelik beskikbaar was nie, ontstaan die vermoede tog dat dit by uitnemendheid 'n groepsaktiwiteit was.

TABEL 14

KINDERS WIE SE GESINNE BEOOG OM TELEVISIE AAN TE SKAF

	Televisiekykers (Kuierrykers)		Nie-televisiekykers	
	N	%	N	%
Ja	100	52,36	73	34,11
Nee	26	13,61	47	21,96
Weet nie	65	34,03	94	43,93
TOTAAL	191	100,00	214	100,00

$$\chi^2\text{-waarde} = 14,28; \text{gv} = 2; p < 0,001$$

(Kinders wat reeds oor televisiestelle beskik is vir die doel van hierdie berekening wegelaat.)

Uit die bostaande tabel blyk dat meer kykers aangedui het dat hulle gesinne van plan was om stelle aan te skaf in verhouding tot die nie-kykers.

dat wat die voorkeur vir hierdie kategorie betref, die grootste enkele persentasie by televisiekykers en nie-kykers te kenne gegee het dat hulle nie juis van nuusfilms hou nie.

Wat die ander kategorieë betref is daar nie 'n assosiasie tussen televisiekyk en rolprentvoorkeure nie.

(d) *Televisiegebruik*

Soos hierbo aangetoon, is die televisiekykers en nie-kykers geskei volgens vraag 56 van die Tydbenuttingsvraelys. Diegene wat kategorie 4 gemerk het, dit wil sê leerlinge wat geen toegang tot enige televisie gehad het nie, het die nie-televisiegroep gevorm, terwyl die res die televisiegroep uitmaak. Tabel 13 gee 'n uiteensetting van die aantal leerlinge in elke kategorie.

TABEL 13

FREKWENSIE EN PERSENTASIEFREKWENSIE VAN DIE TOTALE GROEP
TEN OPSIGTE VAN TELEVISIEGEBRUIK

	N	%
Kyk slegs tuis na televisie	58	12,446
Kyk slegs elders na televisie (een uur per dag: 104; minder as een uur per dag: 87)	191	40,987
Het geen toegang tot enige televisie nie	217	46,567
TOTAAL	466	100,00

Hiervolgens blyk dat veertig komma nege persent van die totale groep televisie kyk, en nogtans nie televisiestelle by die huis gehad het nie. Twaalf komma vier persent van

kykers het aangedui dat hulle een keer per week en meer bioskoop besoek in verhouding tot 39,63 persent van die nie-kykers. In effekstudies in die VSA het Schramm *et al.* (1961) die teenoorgestelde tendens gevind: nie-kykers het meer bioskoop besoek as kykers. Moontlike verklarings vir hierdie verskynsel mag gesoek word by aspekte soos sosio-ekonomiese status en geslag. Die hoër sosio-ekonomiese status van die kykergroep mag byvoorbeeld bydra dat hulle meer geld het om bioskope te besoek, terwyl st. 5-seuns meer toegelaat mag word om uit te gaan, onder andere na bioskope. 'n Verdere verklaring mag wees dat die kinders in die televisiegroep reeds van te vore baie bioskoop besoek het en hierdie neiging nou slegs gedeeltelik deur televisiekyk vervang is. Dit is interessant dat by effekstudies daar in die literatuur teenstrydige bevindings op te merk is: Stone (1953) het bevind dat meisies meer bioskoop besoek as seuns; terwyl Himmelweit *et al.* (1958) en Furu (1962) weer meer seuns as meisies in hulle groepe gehad het wat bioskoop besoek het.

Hierdie bevindings kan egter nie direk op die huidige gegewens toegepas word nie aangesien dit nie 'n effekstudie is nie.

Televisiekyk toon 'n assosiasie met die voorkeur vir die volgende soorte rolprente: sport- en nuusfilms (tabel 12.) By sowel sport- as nuusfilms, toon die televisiekykers 'n groter voorkeur as die nie-televisiekykers. By rolprente oor sport het 55,47 persent televisiekykers aangedui dat hulle baie daarvan hou teenoor 41,20 persent nie-televisiekykers. Ten opsigte van nuusfilms het ook meer televisiekykers gemeld dat hulle baie daarvan hou, naamlik 25,40 persent teenoor 15,81 persent. Dit is egter noemenswaardig

TABEL 12
ROLPRENTVOORKEURE

	Televisiekykers					Nie-televisiekykers				
	1	2	3	4	Totaal	1	2	3	4	Totaal
Oorlogsprente	N 148	72	24	4	284	111	67	36	1	215
	% 59,68	29,03	9,68	1,61	100,00	51,63	31,16	16,74	0,47	100,00
Skiet en baklei [Cowboy]	N 164	61	20	2	247	134	46	35	0	215
	% 66,40	24,70	8,10	0,80	100,00	62,32	21,40	16,28	0,00	100,00
Musiek (rolprente met baie musiek en sang)	N 66	90	84	8	248	55	88	68	4	215
	% 26,81	36,29	33,87	3,23	100,00	25,58	40,93	31,63	1,86	100,00
Speurders en misdadigers	N 187	51	7	2	247	160	31	23	2	216
	% 75,71	20,65	2,83	0,81	100,00	74,07	14,35	10,65	0,93	100,00
Grappige prente (rolprente wat jou baie laat lag)	N 223	22	3	1	249	197	15	3	2	217
	% 89,56	8,84	1,20	0,40	100,00	90,78	6,92	1,38	0,92	100,00
Liefdesdramas	N 79	69	97	3	248	69	57	90	1	217
	% 31,86	27,82	39,11	1,21	100,00	31,80	26,27	41,47	0,46	100,00
Sport	N 137	80	27	3	247	89	83	41	3	216
	% 55,47	32,39	10,93	1,21	100,00	41,20	38,43	18,88	1,39	100,00
Natuur	N 118	95	29	6	248	116	75	21	3	215
	% 47,58	38,31	11,69	2,42	100,00	53,95	34,88	9,77	1,40	100,00
Nuusfilms	N 63	116	59	10	248	34	104	68	11	215
	% 25,40	46,78	23,79	4,03	100,00	15,81	48,37	30,70	5,12	100,00
Geskiedenis	N 68	103	68	8	247	55	104	55	2	216
	% 27,53	41,70	27,53	3,24	100,00	25,46	48,15	25,46	0,93	100,00
Tekenprente (cartoons)	N 156	64	28	1	249	131	45	35	4	215
	% 62,66	25,70	11,24	0,40	100,00	60,93	20,93	16,28	1,86	100,00
Spioenasie	N 176	48	16	6	246	181	32	21	2	216
	% 71,54	19,52	6,50	2,44	100,00	74,54	14,81	9,72	0,93	100,00
Reise (ander en vreemde plekke)	N 60	114	62	11	247	54	93	66	3	216
	% 24,29	46,16	25,10	4,45	100,00	25,00	43,06	30,56	1,38	100,00
Wetenskapsfiksie (science fiction) bv. oor mense van ander planete	N 98	80	54	13	245	81	77	48	8	214
	% 40,00	32,65	22,04	5,31	100,00	37,85	35,98	22,43	3,74	100,00

Kategorieë 1, 2 en 3-4 : Sport : χ^2 -waarde = 10,572 ; qv = 2 ; p < 0,01
 Nuusfilms : χ^2 -waarde = 7,450 ; qv = 2 ; p < 0,05
 Kategorieë 1 en 2-4 : Sport : χ^2 -waarde = 8,892 ; qv = 1 ; p < 0,01
 Nuusfilms : χ^2 -waarde = 6,345 ; qv = 1 ; p < 0,05

SLEUTEL : 1 Hou baie daarvan
 2 Hou nie juis daarvan nie
 3 Hou glad nie daarvan nie
 4 Weet nie

TABEL 18
 SELFBEOORDELINGSKAAL VAN AANTAL VRIENDE IN VERHOUDING TOT
 AANTAL VRIENDE VAN ANDER KINDERS

	Televisiekykers		Nie-televisiekykers	
	N	%	N	%
1 Minder	76	30,52	93	42,86
2 Net so veel	153	61,45	109	50,23
3 Meer	20	8,03	15	6,91
TOTAAL	249	100,00	217	100,00

χ^2 -waarde = 7,65; gv = 2; p < 0,05

Kategorieë 1 en 2 - 3: χ^2 -waarde = 7,723; gv = 1; p < 0,01

Uit bogenoemde tabel is dit duidelik dat meer nie-kykers as kykers aangedui het dat hulle minder vriende het as ander kinders. Die moontlikheid bestaan dat die kykers weens die feit dat etlikes se ouers besitters van televisie=stelle was, heelparty "vriende" bygekry het. Die teenoorgestelde is ook waar; diegene wat by vriende televisie gekyk het, het hierdie televisiebesitters as vriende aanvaar en beleef.

TABEL 19
 FREKWENSIE VAN VRIENDE TELEFONEER

	Baie		Af en toe		Nooit		Totaal	
	N	%	N	%	N	%	N	%
Televisiekykers	92	37,10	118	47,58	38	15,32	248	100,00
Nie-televisie=kykers	63	29,16	100	46,30	53	24,54	216	100,00

χ^2 -waarde = 7,21; gv = 2; p < 0,05

By inspeksie van tabel 19 is dit duidelik dat die televisiekykers meer hul vriende telefoneer as die nie-kykers.

(b) *Gestruktureerde bedrywighede*

Volgens die chi-kwadraatwaarde het televisiekyk 'n verwantskap met bedrywighede soos partytjies bywoon, konserte bywoon en kunswedstryde bywoon, getoon nie. Kykers en nie-kykers het wel 'n verskil op die 5 en 1 persent-betekenispeil by deelname en bywoning as toeskouer van sommige sportaktiwiteite, asook bywoning van musiekuitvoerings, motor en motorfietswedrenne en deelname aan debatte getoon. Dit is egter duidelik dat daar nie 'n vaste patroon van assosiasie tussen televisiekyk en gestruktureerde aktiwiteite bestaan nie.

Die verwantskap tussen televisiekyk en enkele gestruktureerde bedrywighede word in tabelle 20 tot 22 nagegaan.

TABEL 20

FREKWENSIE VAN KERKBYWONING

	Televisiekykers		Nie-televisiekykers	
	N	%	N	%
1 Nooit	11	4,42	27	12,50
2 'n Paar keer per jaar	33	13,25	26	12,03
3 Omtrent 1 keer per maand	21	8,43	13	6,02
4 'n Paar keer per maand	53	21,29	46	21,30
5 Een keer per week of meer	131	52,61	104	48,15
TOTAAL	249	100,00	216	100,00

$$X^2\text{-waarde} = 10,76; \text{gv} = 4; p < 0,05$$

$$\text{Kategorieë 1 en 2-5 : } X^2\text{-waarde} = 10,777 ; \text{gv} = 1, p < 0,01$$

By inspeksie wil dit voorkom of kykers meer dikwels in die kerk kom as nie-kykers. Soos reeds gemeld is daar meer kinders in die kykergroep in die hoë sosio-ekonomiese groep. Strydom (1970) verwys na Reissman wat vasgestel het dat mense uit die hoë sosio-ekonomiese groep die kerk meer dikwels besoek as die uit die lae sosio-ekonomiese stratifikasie.

Dit blyk ook verder dat meer nie-televisiekykers as kykers aangedui het dat hulle nooit kerk bywoon nie.

TABEL 21

DEELNAME AAN SPORTAKTIWITEITE

		Televisiekykers			Nie-televisiekykers		
		Ja	Nee	Totaal	Ja	Nee	Totaal
Sokker (net seuns)	N	93	45	138	50	48	98
	%	67,39	32,61	100,00	51,02	48,98	100,0
Atletiek	N	158	90	248	109	107	216
	%	63,71	36,29	100,00	50,46	49,54	100,0
Swem	N	201	48	249	157	59	216
	%	80,72	19,28	100,00	72,69	27,31	100,0
Judo of karate	N	67	182	249	36	181	217
	%	26,91	73,09	100,00	16,59	83,41	100,0

Sokker (net seuns): χ^2 -waarde = 6,434; gv = 1; p < 0,05

Atletiek: χ^2 -waarde = 8,29; gv = 1; p < 0,01

Swem : χ^2 -waarde = 4,22; gv = 1; p < 0,05

Judo of Karate: χ^2 -waarde = 7,17; gv = 1; p < 0,01

Indien daar na die deelname aan verskillende sportsoorte gekyk word, is dit betekenisvol dat meer kykers aan sokker, atletiek, swem en judo of karate deelgeneem het as die nie-kykers. Daar is geen assosiasie tussen televisiekyk en die deelname aan die volgende sportsoorte nie: rugby, tennis, krieket, stoei, boks, jukskei, bofbal, sagtebal, netbal, korfbal, hokkie en gimnastiek.

Soos uit tabel 2 blyk, is daar meer seuns in die televisiegroep in verhouding tot die nie-kykers. Dit mag dalk verklaar waarom meer kykers aan karate of judo deelgeneem het. Die bogenoemde verspreiding mag ook verantwoordelik wees vir die verskille tussen die kykers en nie-kykers

rakende die beoefening van swem en atletiek. Hofmeyer (1949) het aangedui dat seuns beduidend meer as meisies aan die laasgenoemde twee aktiwiteite deelgeneem het.

Beide Roberts (1955) en Stone (1953) wat gunsteling-aktiwiteite van seuns en meisies nagevors het, het bevind dat 'n hoër persentasie van die seuns sport as gunsteling-aktiwiteit aangedui het.

Dit is interessant dat daar in effekstudies bevind is dat sportbeoefening nie deur televisie beïnvloed word nie (vgl. Himmelweit *et al.*, 1958, Maletzke 1969 en Furu 1962).

Die volgende tabel gaan die verwantskap tussen televisiekyk en die bywoning van sportaktiwiteite as toeskouer na.

TABEL 22

DIE BYWONING VAN SPORTAKTIWITEITE AS TOESKOUER

		Televisiekykers			Nie-televisiekykers		
		Ja	Nee	Totaal	Ja	Nee	Totaal
Rugby	N	164	85	249	110	106	216
	%	65,86	34,14	100,00	50,93	49,07	100,00
Sokker	N	131	118	249	83	134	217
	%	52,61	47,39	100,00	38,25	61,75	100,00
Atletiek	N	176	73	249	144	71	215
	%	70,68	29,32	100,00	66,98	33,02	100,00
Tennis	N	122	127	249	87	130	217
	%	49,00	51,00	100,00	40,09	59,91	100,00
Krieket	N	111	138	249	79	136	215
	%	44,58	55,42	100,00	36,74	63,26	100,00
Swem	N	153	96	249	104	113	217
	%	61,45	38,55	100,00	47,93	52,07	100,00
Stoei	N	71	177	248	48	169	217
	%	28,63	71,37	100,00	22,12	77,88	100,00
Boks	N	102	146	248	61	156	217
	%	41,13	58,87	100,00	28,11	71,89	100,00
Judo of karate	N	97	152	249	62	155	217
	%	38,96	61,04	100,00	28,57	71,43	100,00
Jukskei	N	21	228	249	20	197	217
	%	8,43	91,57	100,00	9,22	90,78	100,00
Bofbal	N	55	194	249	36	181	217
	%	22,09	77,91	100,00	16,59	83,41	100,00
Korfbal	N	50	199	249	53	164	217
	%	20,08	79,92	100,00	24,42	75,58	100,00
Sagtebal	N	46	201	247	29	188	217
	%	18,62	81,38	100,00	13,36	86,64	100,00
Netbal	N	95	154	249	89	128	217
	%	38,15	61,85	100,00	41,01	58,99	100,00
Hokkie	N	98	150	248	73	144	217
	%	39,52	60,48	100,00	33,64	66,36	100,00

/Vervolg

TABEL 22 (vervolg)

DIE BYWONING VAN SPORTAKTIWITEITE AS TOESKOUER

		Televisiekykers			Nie-televisiekykers		
		Ja	Nee	Totaal	Ja	Nee	Totaal
Gimnastiek	N	127	121	248	98	118	216
	%	51,21	48,79	100,00	45,37	54,63	100,00
Ander wat nie hierbo genoem is nie	N	130	113	243	77	140	217
	%	53,50	46,50	100,00	35,48	64,52	100,00

Rugby: X^2 -waarde = 10,66; gv = 1; $p < 0,01$

Sokker: X^2 -waarde = 9,63; gv = 1; $p < 0,01$

Swem: X^2 -waarde = 8,57; gv = 1; $p < 0,01$

Boks: X^2 -waarde = 8,62; gv = 1; $p < 0,01$

Judo of Karate: X^2 -waarde = 5,72; gv = 1; $p < 0,05$

Sportsoort nie in vraelys

opgeneem nie: X^2 -waarde = 14,03; gv = 1; $p < 0,01$

As die bywoning vir die afsonderlike sportsoorte as toeskouer oorweeg word, blyk dat daar wel 'n verwantskap tussen televisiekyk en die bywoning van die volgende tipes sport bestaan: Rugby, sokker, swem, boks, judo of karate en ander sportsoorte wat nie in die vraelys aangedui is nie.

Uit bogenoemde tabel is dit duidelik dat televisiekykers getrouer sporttoeskouers as nie-televisiekykers is.

Uit die literatuur is dit interessant om op te merk dat Maletzke (1959) in 'n effekstudie vasgestel het dat toeskouerbywoning van sport na die koms van televisie afgeneem het. Die huidige ondersoek is egter nie 'n effekstudie nie, en daarom kan daar nie direkte vergelykings tussen die twee ondersoekgemaak word nie. Die moontlikheid

bestaan wel dat toeskouerbywoning van sport hier te lande ook geraak mag word deur die nuwe medium.

Een rede waarom meer televisiekykers sporttoeskouers is as nie-televisiekykers, mag gevind word in die sosio-ekonomiese samestelling van die twee groepe. Soos in tabel 1 aangedui, is daar meer kinders uit die hoë sosio-ekonomiese laag van die bevolking in die televisiegroep. Clarke (1958) het vasgestel dat hierdie groep meer tyd aan sportbywoning afstaan as die laer sosio-ekonomiese lae van die bevolking.

Ander gestruktureerde aktiwiteite wat 'n verwantskap met televisiekyk getoon het, word in tabel 23 uiteengesit.

TABEL 23

ANDER GESTRUKTUREERDE AKTIWITEITE

		Televisiekykers				Nie-televisiekykers			
		Baie	Af en toe	Nooit	Totaal	Baie	Af en toe	Nooit	Totaal
		1	2	3		1	2	3	
Musiekuitvoerings (bywoon)	N	29	115	104	248	12	86	117	215
	%	11,69	46,37	41,94	100,00	5,58	40,00	54,42	100,00
Motor- en motorfietswedrenne (bywoon)	N	83	70	94	247	36	62	118	216
	%	33,60	28,34	38,06	100,00	16,67	28,70	54,63	100,00
Debatte (deelneem)	N	14	80	152	246	9	47	160	216
	%	5,69	32,52	61,79	100,00	4,17	21,76	74,07	100,00

Kategorieë 1-2 en 3 : Musiekuitvoerings (bywoon) : χ^2 -waarde = 6,822 ; gv = 1 ; p < 0,01

Motor- en motorfietswedrenne (bywoon) : χ^2 -waarde = 12,620 ; gv = 1 ; p < 0,01

Debatte (deelneem) : χ^2 -waarde = 8,474 ; gv = 1 ; p < 0,01

Een van die moottlike redes waarom meer televisiekykers musiekuitvoerings bywoon maq wees omdat meer, respon= dente uit die hoër sosio-ekonomiese lae van die bevolking in die televisiegroep voorkom. Die bywoning van motor- en motorfietswedrenne hou weer waarkynlik verband met die groter persentasie seuns in die televisiegroep.

2.2.3 *Aktiwiteite wat hoofsaaklik deur die kind as individu beoefen word*

In hierdie kategorie was die enigste tabelle wat 'n asso= siasie tussen televisiekyk en hierdie aktiwiteite aangedui het, die wat oor huiswerk handel en die slaapyd van die respondente.

Die volgende aktiwiteite het geen betekenisvolle verwantskap met televisiekyk getoon nie.

Die wat oor stokperdjies handel;
die tyd wanneer die leerlinge gedurende die week in die oggend opstaan, en
hoe dikwels die leerlinge vir sakgeld werk by 'n ander persoon.

Die verwantskap tussen televisiekyk en plek waar respon= dente ongestoord huiswerk doen, word in tabel 24 uiteen= gesit.

TABEL 24

DIE FREKWENSIE VAN LEERLINGE WAT AANGEDUI HET DAT HULLE 'N PLEK HET OM ONGESTOORD HUISWERK (SKOOLWERK) TE KAN DOEN

	Televisiekykers		Nie-televisiekykers	
	N	%	N	%
Ja	190	76,31	141	64,98
Nee	59	23,69	76	35,02
TOTAAL	249	100,00	217	100,00

$$x^2\text{-waarde} = 6,69; gv = 1; p < 0,01$$

Meer leerlinge in die televisiegroep het in tabel 24 aangedui dat hulle 'n plek het waar hulle alleen en ongestoord hulle huiswerk kan doen as die nie-kykers. Dit hou ook waarskynlik verband met die hoër sosio-ekonomiese status van die televisiekykergroep.

Ten einde te bepaal of daar 'n assosiasie bestaan tussen televisiekyk en tyd aan huiswerk bestee, is die volgende vraag aan die leerlinge gestel: "Hoeveel tyd bestee jy gewoonlik per dag aan jou huiswerk (skoolwerk) (Maandag tot Donderdag)?" Hierdie gegewens vir die ondersoekgroepe (standerd vyf-leerlinge) word in tabel 25 uiteengesit.

TABEL 25

TYD WAT GEDURENDE DIE WEEK PER DAG (MAANDAG TOT DONDERDAG)
AAN HUISWERK (SKOOLWERK) BESTEE WORD

	Televisiekykers		Nie-televisiekykers		
	N	%	N	%	
Ek doen nie huiswerk nie	1	0	0,00	2	0,92
Minder as 'n halfuur	2	29	11,65	35	16,13
'n Halfuur en meer, maar minder as 1 uur	3	103	41,37	87	40,09
Een uur en meer, maar minder as 2 uur	4	88	35,34	55	25,35
Twee uur en meer, maar minder as 3 uur	5	18	7,23	27	12,44
Drie uur en meer, maar minder as 4 uur	6	5	2,01	8	3,69
Vier uur of meer	7	6	2,41	3	1,38
TOTAAL		249	100,00	217	100,00

Vir chi-kwadraatberekeninge is die volgende kategorieë
saamgevoeg :

kategorie 1-2.

kategorie 3-4

kategorie 5-7

$$\chi^2\text{-waarde} = 12,88; \text{gv} = 2; p < 0,01$$

Daar is nie 'n algemene tendens uit tabel 25 waarneembaar nie.
Daar is byvoorbeeld meer nie-kykers as kykers wat twee uur en
meer, maar minder as drie uur per dag aan huiswerk bestee, terwyl
daar ook meer nie-kykerrespondente as kykers is wat minder as 'n
halfuur per dag aan huiswerk afstaan.

Uit die tabel blyk verder dat die meerderheid leerlinge by albei groepe tussen 'n halfuur en twee uur per dag aan hulle huiswerk bestee, naamlik 76,71 persent van die televisiekykers en 65,44 persent van die nie-televisiekykers. Hoewel die verskille tussen die twee groepe by die huidige ondersoek nie noodwendig aan televisiekyk toegeskryf kan word nie, is dit miskien interessant om hier enkele oorsese bevindings te noem.

Schramm *et al.* (1961) het vasgestel dat met die koms van televisie in die VSA daar per week slegs 15 minute minder aan huiswerk afgestaan is. 'n Gemiddeld dus van nagenoeg 3 minute per dag.

Furu (1962) het nadat hy gemiddeldes bereken het vir tyd aan huiswerk bestee op Sondag en Vrydag, vasgestel dat wat "Grade 5" (st. 3)-leerlinge betref die kykers nagenoeg 14 minute minder aan huiswerk bestee het as die nie-kykers.

Himmelweit *et al.* (1958) het vasgestel dat kinders waarvan die ouers onlangs besitters van stalle geword het, effens swakker gevaar het as 'n kontrolegroep ten opsigte van skoolprestasie. Sy het ook vasgestel dat kykers daaglik nagenoeg 6 - 8 minute minder aan huiswerk bestee as nie-kykers.

In geheel gesien, is daar dus wel verskille tussen die kyker en nie-kykerrespondente ten opsigte van tyd aan huiswerk bestee, maar of hierdie verskille nie alreeds voor die toetsuitsendings bestaan het nie kan slegs

met 'n meer gesofistikeerde navorsingsontwerp bepaal word.

Die verwantskap tussen televisiekyk en slaapyd word vervolgens in tabel 26 nagegaan.

TABEL 26

HOE LAAT LEERLINGE GEWOONLIK IN DIE AAND GAAN SLAAP
(MAANDAE TOT DONDERDAE GEDURENDE DIE SKOOLKWARTAAL)

	Televisiekykers		Nie-televisiekykers	
	N	%	N	%
1 Vroeër as 8.00 nm.	10	4,02	10	4,61
2 8.00 nm. en later, maar voor 8.30 nm.	20	8,03	47	21,66
3 8.30 nm. en later, maar voor 9.00 nm.	71	28,51	58	26,73
4 9.00 nm. en later, maar voor 9.30 nm.	57	22,89	41	18,89
5 9.30 nm. en later, maar voor 10.00 nm.	52	20,88	34	15,67
6 10.00 nm. en later, maar voor 10.30 nm.	19	7,63	14	6,45
7 10.30 nm. en later, maar voor 11.00 nm.	14	5,62	6	2,76
8 11.00 nm. of later	6	2,41	7	3,23
TOTAAL	249	100,00	217	100,00

$$X^2\text{-waarde} = 20,50; gv = 7; p < 0,01$$

$$\text{Kategorieë 1 - 3 en 4 - 8: } 7,3066; gv = 1; p < 0,01$$

Maccoby (1951) het in 'n studie oor die nuttheidseffek van televisie op kinders gevind dat kinders wat onlangs televisie gekry het, nagenoeg vyf-en-twintig minute later as nie-kykers gaan slaap. Ander resultate in die literatuur is ook slegs uit effekstudies verkry, en kan nie direk met die huidige studie vergelyk word nie.

By 'n oorsig oor die gegewens van hierdie ondersoek, wil dit voorkom of die algemene bedrywigheid van die televisiekykers 'n bydraende faktor mag wees waarom hulle effens later wil gaan slaap.

SAMEVATTING EN SLOT

Die doel met hierdie studie was om te probeer bepaal watter leerlinge tydens die toetsuitsendings van die SAUK in 1975 eerste blootgestel was aan televisie.

'n Verdere doelstelling was om te bepaal of die eerste televisiekykers kenmerke vertoon wat hulle kan identifiseer as vernuwers, soos gedefinieer deur Rogers en Shoemaker (1971). Ten einde 'n bruikbare groep te verkry, is slegs standaard vyf-leerlinge in Transvaalse stedelike gebiede gebruik. Hierdie leerlinge se agtergrondgegevens, voorkeure en tydsbesteding is ondersoek deur dit te vergelyk met 'n soortgelyke groep wat nie aan televisie blootgestel was nie.

Van die totale steekproef (N = 466) het net meer as die helfte, naamlik 53,3 persent televisie gekyk. Van hierdie kykergroep was 23,2 persent "televisiebesitters", terwyl 76,7 persent sogenaamde "kuierrykers" was. Die 217 leerlinge wat gemeld het dat hulle nie blootgestel was aan televisie nie, het die kontrole-(nie-televisie-) groep gevorm. Hoewel die twee groepe nie volkome afgepaar en gelykgestel is nie, is daar behalwe vir enkele aspekte, nie noemenswaardige verskille tussen die twee groepe ten opsigte van biografiese gegevens gevind nie. Ook die verstandsvermoë en skolastiese prestasie van die twee groepe het weinig verskil (vgl. tabel 5). Dit het egter geblyk dat meer kykers as nie-kykers in die hoër sosio-ekonomiese laag voorkom. Daar is ook meer seuns in die televisiegroep as in die nie-televisiegroep. Hierdie twee faktore het dan ook 'n duidelike effek op die tydbenuttingsgegevens gehad. 'n Derde aspek waar die

twee groepe verskil het, is dat die nie-kykers oënskynlik uit groter gesinne kom as die kykers - 'n faktor wat mag saamhang met die verskil in sosio-ekonomiese status tussen die twee groepe.

Ten opsigte van massamediegebruik, het die ondersoek die volgende aan die lig gebring:

- Die televisiekykers het geneig om meer koerante te lees as die nie-televisiekykers - ook Sondagkoerante.
- Die televisiekykers het meer na die radio geluister, en meer die bioskoop besoek as die nie-kykers.

Die televisiekykers se gebruik van massamedia was dus oor die algemeen hoër as dié van nie-kykers. Hierdie hoër gebruik word in oorsese effekstudies gekoppel aan 'n hoër verstandvermoë (vgl. Schramm *et al.* 1961). Soos reeds gemeld, is so 'n tendens nie in hierdie studie gevind nie.

Wat betref die smaak en voorkeure van die twee groepe, is daar baie min verskille gevind, behalwe by rolprentvoorkeure : Meer televisiekykers as nie-kykers het aangedui dat hulle baie van sport- en nuusfilms gehou het. Die feit dat daar meer seuns in die kykergroep was, kan hierdie tendens gedeeltelik verklaar. Ten opsigte van nuusfilms het die grootste enkele persentasie by sowel televisiekykers as nie-kykers egter gemeld dat hulle nie juis daarvan hou nie.

'n Laaste bevinding wat uit die ondersoek na vore gekom het, is dat die televisiekykers oor die algemeen meer geneig was tot sosiale interaksie as hulle nie-kykervriende. Dit het onder meer uit die volgende geblyk: Meer televisiekykers as nie-kykers het aangedui dat hulle

- saam met gesinslede na die radio luister;
- alleen in die aand uitgaan vir ontspanning, vermaak en kuier;
- dikwels besoekers ontvang;
- met andertaliges assosieer;
- aan sekere sportsoorte deelneem;
- sportbyeenkomste bywoon;
- musiekuitvoerings bywoon, en
- aan debatte deelneem (hoewel die meerderheid in albei groepe nie daaraan deelneem nie).

Dit moet duidelik gestel word dat hierdie tendens nie noodwendig die gevolg van televisie (toetsuitsendings) is nie, maar dat leerlinge met hierdie kenmerke om 'n verskeidenheid redes eerste aan televisie blootgestel was. Dit is egter interessant dat daar tog sulke verskille voorgekom het tussen die kykers en nie-kykers.

Die eerste doelstelling van die ondersoek, naamlik dat die eerste televisiekykers geïdentifiseer moet word, is dus in groot mate bereik.

Wat die tweede doelstelling van die studie betref, toon die kykers 'n hoë mate van ooreenkoms met Rogers en Shoemaker (1971) se sogenaamde vernuwers of innoveerders. Die volgende kenmerke wat genoemde skrywers gevind het by mense wat vroeg kennis neem van vernuwings, is ook

by die eerste televisiekykers bevind:

1. 'n Hoër sosiale status (sosio-ekonomiese vlak van ouers volgens die beroep van die vader);
2. groter blootstelling aan massakommunikasiekanale;
3. groter blootstelling aan interpersoonlike kommunikasie;
4. groter sosiale deelname, en
5. hulle is meer kosmopolities (gemeet na gelang van bereidwilligheid om met andertaliges te assosieer).

Die implikasies van hierdie ondersoek is die volgende:

1. Die eerste televisiekykers is 'n groep wat verdere studie regverdig, veral omdat hulle as groep belangrike kenmerke toon.
2. Die vraag ontstaan of televisie dieselfde invloed op hulle gaan hê as op latere televisiekykers.
3. By effekstudies sal 'n gesofistikeerde navorsingsontwerp gebruik moet word, en daar sal veral gelet moet word op biografiese veranderlikes en hulle wisselwerking.

4. SYNOPSIS AND CONCLUSION

The aim of this study was to attempt to determine which pupils were first exposed to TV during the SABC's test broadcasts in 1975. A further aim was to establish whether the first television viewers displayed characteristics which may identify them as innovators, as defined by Rogers and Shoemaker (1971). In order to obtain a suitable group, only Standard Five pupils in Transvaal urban areas were used. These pupils' background data, preferences and the way in which they spent their time were investigated by means of comparison with a similar group which had not been exposed to television.

Of the total sample (N=466), slightly more than half, viz 53,3 per cent watched television. Of this group of viewers 23,2 per cent were "television owners", whereas 76,7 per cent were so-called "visiting viewers". The 217 pupils who stated that they had not been exposed to television, formed the control (non-television) group. Although the two groups were not completely paired off and put on equal terms with each other, no significant differences, except for a few aspects, were found in their biographical data. There was also a negligible difference between the intellectual capacity and scholastic achievement of the two groups (see Table 5). It appeared, however, that more viewers than non-viewers are found in the higher socio-economic level. There were also more boys in the television group than in the non-television group. These two factors had a marked effect on the data pertaining to the way in which time was spent. A third aspect in

which the two groups differed was that the non-viewers - apparently hailed from larger families than the viewers - a factor which may be related to the difference in socio-economic status between the two groups.

The following information was revealed on the use of mass media:

- The television viewers tended to read more newspapers than the non-television viewers - including Sunday newspapers.
- The television viewers listened to the radio more often, and
- attended the cinema more often than the non-viewers.

The television viewers thus generally made more use of the mass media than did the non-viewers. In effect studies abroad, this phenomenon is attributed to a higher intellectual ability (see Schramm *et al.* 1961). As has already been mentioned, such a tendency was not found in this study.

Very few differences were found between the two groups with regard to liking and preferences, except in as far as film preferences were concerned. More television viewers than non-viewers indicated that they were fond of sport and news films.

This tendency may partly be explained by the fact that there were more boys in the viewer group. However, with regard to news films, the largest single percentage of television viewers as well as non-viewers indicated that they did not particularly like such films.

A last finding of the investigation which came to the fore was that the television viewers were generally more inclined towards social interaction than their non-viewer counterparts. This was apparent from the following:

More television viewers than non-viewers indicated that they

- listen to the radio in the company of members of their family;
- go out alone at night for recreation, entertainment and visiting;
- often receive visitors;
- associate with people speaking other languages;
- participate in certain kinds of sport;
- attend sports meetings;
- attend music recitals, and
- take part in debates (although the majority of persons in both groups do not take part in them).

It must be stated clearly that these tendencies were not necessarily the result of television (test broadcasts) but that pupils with these characteristics had, for a variety of reasons, been the first to be exposed to television. However, it is interesting that such differences nevertheless occurred between the viewers and non-viewers.

The first aim of the investigation, viz that the first television viewers should be identified, was consequently achieved to a considerable extent.

As regards the second aim of the study, the viewers correspond to a high degree with the so-called innovators of Rogers and Shoemaker (1971). The following characteristics which the abovementioned writers found among people who had become acquainted with innovations at an early stage were also found among the first television viewers:

1. A higher social status (socio-economic level of parents according to the father's occupation);
2. greater exposure to mass media;
3. greater exposure to interpersonal communication;
4. greater social participation, and
5. they are more cosmopolitan (measured in terms of readiness to associate with persons speaking other languages).

The implications of this investigation are the following:

1. The first television viewers constitute a group which merits further study particularly since they, as a group, display important characteristics.
2. The question arises whether television will have the same influence on them as children who view television at a later stage.
3. A sophisticated research design will have to be used in effect studies and particular attention will have to be devoted to biographical variables and their interaction.

B I B L I O G R A F I E

1. BOGART, Z. *The age of television*. New York, Frederick Ungar, 1972.
2. CLARKE, A.C. The use of leisure and its relation to levels of occupational prestige. *American Sociological Review*, Vol. 21, 1956, pp. 301 - 307.
3. FURU, T. *Television and children's life: A before after study*. Japan Broadcasting Corporation, Radio and Television Culture Research Institute, 1962.
4. GREENBERGER, B.S. DOMINICK, J.R. Television usage, attitudes and functions for low-income and middle-class teenagers. *Communication Among the Urban Poor*. Report No. 4. East Lansing. Michigan State University Department of Communication, November 1968.
5. HIMMELWEIT, H.T. OPPENHEIM, A.N. and VINCE, P. *Television and the child: an empirical study of the effect of television on the young*. Oxford University Press. London, 1958.
6. HOFMEYER, J.H. *Die buiteskoolse aktiwiteite van sekondêre leerlinge in die OVS*. Ongepubliseerde M.Ed.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1949.
7. JORDAAN, P.C.J. *Die invloed van TV op die skoolgaande jeug*. Onderwysblad, November 1974, pp. 34 - 38.
8. LOY, J.W. *Social psychological characteristics of innovators*. *American Sociological Review*, Vol. 34, 1969, pp. 73 - 82.

9. LYLE, J. and HOFFMAN, H.R. Children's use of television and other media. In: RUBINSTEIN E.A., COMSTOCK, G.A. and MURRAY, J.P. eds. A technical report to the Surgeon General's Scientific Advisory Committee on Television and Social Behavior. *Television in Day-to-Day Life: Patterns of Use (Reports and Papers, Volume 5)*, 1971, pp. 129 - 256.
10. LYLE, J. Television in daily life: patterns of use (Overview). In: RUBINSTEIN, E.A., COMSTOCK, G.A. and MURRAY, J.P. eds. A technical report to the Surgeon General's Scientific Advisory Committee on Television and Social Behaviour. *Television in Day-to-Day Life: Patterns of Use (Reports and Papers, Volume 5)*, 1971, pp. 1 - 32.
11. MALETZKE, G. *Fernsehen im Leben der Jugend*. Hamburg: Hans Bredow Institute. 1959.
12. ROBERTS, G.O. *The reading of comics by pupils attending high schools in the Cape Province*. Ongedruisde M.Ed-verhandelning, Universiteit van Kaapstad, 1955.
13. ROGERS, E.M. *Social change in rural society*. New York: Appleton Century-Crofts 1960.
14. ROGERS, E.M. and SHOEMAKER, F.F. *Communication of innovations*. New York: The Free Press. 1971.
15. SCHRAMM, W., LYLE, J. and PARKER, E.B. *Television in the lives of our children*. Stanford University Press, Stanford, California, 1961.

16. STONE, W.M. *An investigation into the reading interests of 12 - 15 year old English-speaking pupils in the Cape Province and suggestions for the improvement of reading materials for this age group.* Ongepubliseerde D. Phil.-proefskrif, Universiteit van Kaapstad, 1953.
17. STRIJDOM, H.G. *Enkele vryetydsbestedingsaktiwiteite, houdings en aspirasies van Afrikaanssprekende standerd ses-seuns afkomstig uit gesinne van verskillende sosiale status.* Ongepubliseerde MA-verhandeling, UNISA, 1970.
18. THE INTERNATIONAL ASSOCIATION FOR MASS COMMUNICATION RESEARCH, Amsterdam. *The Effects of Television on children and adolescents*, ed. SCHRAMM, W. UNESCO, 1964.
19. TORSVIK, P.A. Mass Media. In: RAMSY, N.R. ed. *The Norwegian Society*, Oslo, 1968.
20. WERNER, A. Children and television in Norway. *Gazette* 17 (3), 1971, pp. 133 - 151.

RGN-PUBLIKASIES SEDERT 1 JANUARIE 1976
HSRC PUBLICATIONS SINCE 1 JANUARY 1976

n Volledige lys van RGN-publikasies is op aanvraag verkrygbaar. Eksemplare van publikasies wat uit druk is, kan deur biblioteek=dienste verkry word.

A complete list of HSRC publications is available on request. Copies of publications which are out of print can be obtained through library services.

GESKIEDENIS/HISTORY

CHURCHOUSE, G. Genealogy Publication No. 4. The Reverend Francis McClelland, Colonial Chaplain to Port Elizabeth 1825-1853. A family history. 1976. R6,65.

ELOFF, C. Bronnepublikasie No. 4. Oorlogsdagboek van H.S. Oos-terhagen. 1976. R3,35.

INLIGTING/INFORMATION

HUMANITAS - Vol. 3 No. 4. Tydskrif vir navorsing in die geestes=wetenskappe. 1976. R6,75.

HUMANITAS - Vol. 4 No. 4. Journal for research in the human sciences. 1976. R6,75.

JAARVERSLAG - Verskyn jaarliks. Gratis.
ANNUAL REPORT - Published once a year. Gratis.

IN-26 GEGGUS, C. Toekennings beskikbaar vir voorgraadse studie aan Suid-Afrikaanse universiteite vir Blankes. RGN Voorlig=tingsreeks UR-7. 1976. R3,50.

IN-27 GEGGUS, C. Awards available for undergraduate study at South African universities for Whites. HSRC Guidance Series GS-7. 1976. R3,50.

IN-28 STIMIE, C.M. and GEGGUS, C. University education in the Republic of South Africa. 1976. R2,65.

KOMMUNIKASIE/COMMUNICATION

KOMM-8 SNYMAN, N. Die verband tussen persoonlikheidsbehoefte en die voorkeur vir onderwerpe uit die massamedia. 1976. R8,45.

MANNEKRAG/MANPOWER

MM-57 BOSHOFF, F. Raming van die Newcastle-gebied se ekonomiese bedrywige en totale bevolking volgens beroepsgroep vir 1980. 1976. R1,15.

MM-58 WOLMARANS, C.P. Die arbeidsituasie en werkgesindheid van die Kleurlingman in die Kaapse Skiereiland. 1976. R3,20.

MM-59 WOLMARANS, C.P. Beroepsbeoefening van gegradueerdes met nie-beroepsgerigte grade. 1976. R2,05.

MM-60 DE KLERK, C. The profitability of occupations pursued by highly qualified persons. 1976. R1,35.

MM-61 REDELINGHUY, H.J. en TERBLANCHE, S.S. Arbeidsomset en afwesigheid in gedentraliseerde gebiede. 1976. R2,25.

MM-62 SMIT, P.C. Die ingenieruspotensiaal by leerlingingenieurstechnici. 1976. R1,75.

MM-63 VERMAAK, J.A. Die vermenigvuldigerseffek van werkgeleentheidskepping vir die inwoners van Temba. 1976. R2,10.

Talentopname/Talent Survey

MT-33 COETZEE, C.J.S. Handelonderwys vir meisies: 'n Empiriese ondersoek. 1976. R2,80.

MT-34 BOTES, W.L. Wiskundige begaafdheid: 'n Empiriese ondersoek. 1976. R2,05.

MT-35 DU PREEZ, J.J. Geskrewetaalmoelikhede by leerlinge in die sekondêre skool. 1976. R1,60.

MT-36 ROOS, W.L. Projek Talentopname: Navorsingsbevindings - 1975. 1976. R0,65.

MT-36 ROOS, W.L. Project Talent Survey: Research Findings - 1975. 1976. R0,65.

MT-37 LAUBSCHER, D.B. Onderprestasie gedurende die sekondêre skoolfase. 1976. R1,35.

NAVORSINGSBULLETIN/RESEARCH BULLETIN

NAVORSINGSBULLETIN - Verskyn tien keer per jaar.
RESEARCH BULLETIN - Ten issues per annum.

RSA 2000 - Gesprek met die toekoms. Verskyn twee keer per jaar.
RSA 2000 - Dialogue with the future. Two issues per annum.

Kwic-index van Afgehandelde Navorsing 1969-1974. 1976.
Kwic-index of Completed Research 1969-1974. 1976.

OPVOECKUNDE/EDUCATION

Q-21 Verslag van die Komitee vir Gedifferensieerde Onderwys en Voorligting insake 'n nasionale onderwysstelsel vir

Q-28 leerlinge met gestremdhede op pre-primêre, primêre en sekondêre skoolvlak met verwysing na skoolvoorligting en ander hulpdienste as geïntegreerde dienste van die onderwysstelsel vir die Republiek van Suid-Afrika - Deel III.

Q-21 Report of the Committee for Differentiated Education and Guidance in connection with a national system of education for handicapped pupils at pre-primary, primary and secondary school level with reference to school guidance and other ancillary services as integrated services of the system of education for the Republic of South Africa and South-West Africa : Part III.

Q-21 Volume 2. NEL, A. A national system of education for epileptic pupils. 1976. R2,10.

Q-25 Volume 6. LOMBAARD, S.G. A national system of education for hard-of-hearing pupils.

Q-26 Volume 7. SPIES, P.G. VAN Z. A national system of education of physically handicapped pupils. 1976. R2,80.

Q-29 HUMAN, P.G. The instruction of Mathematics at secondary school level in a number of countries in Western Europe. 1976. R1,95.

- O-31 VAN DEN BERG, D.J. The training of Mathematics teachers in the Republic of South Africa and in some Western Countries. 1976. R3,45.
- O-36 GROENEWALD, F.P. Onderwys en skoolvoorligting vir blinde leerlinge. 1976. R6,80.
- O-41 NEL, A. Onderwys en voorligting vir pedagogies verwaarloosde (gedragsafwykende) leerlinge. 1976. R2,95.
- O-42 HATTING, D.L. Programmed instruction. 1976. R1,95.
- O-45 BEUKES, J.H. Skoolvoorligting in Switzerland. 1976. R1,55.
- O-46 BEUKES, J.H. Skoolvoorligting in Nederland. 1976. R1,70.
- O-47 BEUKES, J.H. Skoolvoorligting in Wes-Duitsland. 1976. R1,95.
- O-48 NEL, A. Skoolvoorligting in Ontario, Kanada. 1976. R1,30.
- O-50 SPIES, P.G. VAN Z. Skoolvoorligting in Skotland. 1976. R2,10.
- O-52 LOMBAARD, S.G. Skoolvoorligting in Swede. 1976. R1,65.
- O-53 STRYDOM, G.S. Die totstandkoming en uitbouing van die skoolradiodiens van Radio Bantu. 1976. R2,40.
- O-53 STRYDOM, G.S. The establishment and expansion of the school radio service of Radio Bantu. 1976. R2,15.
- O-54 GROENEWALD, F.P. Aspekte in die tradisionele kultuurwêreld van die Bantoekind wat die verwerkliking van sy intelligensie rem: 'n Kultureel-opvoekundige oriënteringstudie. 1976. R1,95.
- O-54 GROENEWALD, F.P. Aspects in the traditional world of culture of the Black child which hamper the actualization of his intelligence: A cultural-educational exploratory study. 1976. (Limited distribution)

PSIGOMETRIKA/PSYCHOMETRICS

Katalogus van toetse - 1976. Gratis.
 Catalogue of tests - 1976. Gratis.

P-1 MADGE, E.M. en VAN DER WESTHUIZEN, J.G. Die nuwe Suid-Afrikaanse individuele skaal as kliniese hulpmiddel. (Herdruk 1976) R3,00.

P-13 MINNAAR, G.G. The influence of esternization on the personality of a group of Zulu men. 1976. R10,30.

SOSIOLOGIE, DEMOGRAFIE EN KRIMINOLOGIE/
SOCIOLOGY, DEMOGRAPHY AND CRIMINOLOGY

S-40 LÖTTER, J.M. and VAN TONDER, J.L. Aspects of fertility of Indian South Africans. 1975. R1,55.

S-39 LÖTTER, J.M. and VAN TONDER, J.L. Fertility and family planning among Blacks in South Africa 1974. 1976. R4,25.

S-42 VAN DER BURGH, C. The socio-economic position of Indian blind persons in Natal. 1976. R2,30.

S-44 GROENEWALD, D.C. The Chinese Community in South Africa: Phase I: Background and attitudes of the White population group towards the Chinese minority group. 1976. R2,56.

STATISTIEK/STATISTICS

WS-13 LUBBE, A.M. Computerized data bases and some implications for information services in the human sciences: A preliminary literature survey. 1976. R3,90.

WS-16 KIES, J.D. en VAN WYK, G.C. Toetsing van onderwysstatistiese insamelingsvorme wat opties "gelees" kan word. 1976. R7,45.

WS-17 VAN RENSBURG, F.A.J. Trends in education for Coloureds in the Republic of South Africa 1976. R3,65.

TAAL, LETTERE EN KUNS/LANGUAGES, LITERATURE AND ARTS

DANEEL, L. Bronnegids vir Kuns en Argitektuur - 1971/Source Guide for Art and Architecture - 1971. 1976. R11,75.

PUBLIKASIES WAT DEUR DIE RGN ONDERSTEUN WORD/PUBLICATIONS SUPPORTED BY THE HSRC

ESTERHUYSEN, M. South Africa's First Gold Coin. 1976. National Cultural History and Open-Air Museum, Pretoria.